# AfriForum skop Selfstandigheid-veldtog af



AFRIFORUM PROJEK #29: Strate voor Laerskool Tzaneen oorgeverf.

DIE Stop word terug gesit in 'stopstraat.' Die AfriForum-tak in Tzaneen het as deel van dié organisasie se Maand van Selfstandigheid-veldtog, wat spesifiek op padveiligheid fokus, sewe stoptekens opgerig, ses kruisings, een voetoorgang en drie spoedhobbels geverf, asook 10 weerkaatsers (katogies) aangebring.

"Die veldtog is van stapel gestuur omdat AfriForum in September vanjaar 'n veiligheidsoudit op munisipale paaie gedoen het en bevind het dat sommige van die paaie nie aan die minimum vereistes voldoen wat in toepaslike wetgewing en regulasies uiteengesit word nie," sê Pieter Venter, voorsitter van die AfriForum-tak in Tzaneen.

"Diegene wat op plaaslike vlak by AfriForum se selfdoenaksies betrokke is, is elkeen 'n leier in eie reg," meen Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.

Wys jou steun vir die aksie deur "Selfdoen" aan 45344 te SMS (R1).




KATOGIES OM BETER KAN SIEN: Pieter Venter, AfriForum Tzaneen voorsitter, Chris Boshoff, Afriforum streekskoördineerder en Lizandra Viviers, AfriForum bemarking Tzaneen-tak.




SIT DIE STOP TERUG: Die span ken nie van stop nie. Agter, van links: Pieter Venter, voorsitter Afriforum Tzaneen, Jabu Ndlovu, van Jetpatcher, Kobus Bothma, Jetpatcher, kontrakteur, Dion Mabasa, Jetpatcher, Lizandra Viviers, Afriforum Tzaneen. Voor: Smith Ramocheki, Lebeko Mokgoebidu, Chris Boshoff, AfriForum streekskoördineerder.





HULLE HELP: Lebeko Mokgoebidu en Dion Mabasa aan die werk tydens die projek.

VoetsPoortjies Kleuterskool
Privaat Afrikaanse Christen Kleuterskool
...waar jou kleuter leer deur spel!
20 Maande - Graad R
CAPS leerplan word gevolg. Jou kind is skoolgereed as hul ons verlaat!
Laai jou laerskool kind en kleuter saam af in die oggend!
Klein klassies met liefdevolle opgeleide personeel!
Privaat Afrikaanse Christen Kleuterskool
Skakel Liesl 083 352 8257

SHOPS TO LET
Variety of shops & office space available at
Oasis MALL
Safe parking | Security | Secure ATM
Affordable Rent
Carline Theron 076 079 7708
carline.theron8@gmail.com

## KENNISGEWING

**KENNISGEWING VAN WYSIGING VAN OMGEWINGSMAGTIGING VIR DIE VOORGESTELDE ±130 KM ESKOM FOSKOR – MERENSKY KRAGLYN VAN 275 KV TOT 400 KV EN GEPAARDGAANDE SUBSTASIEWERKE BINNE DIE MOPANI- EN SEKHUKHUNE-DISTRIKSMUNISIPALITEITE IN DIE LIMPOPO PROVINSIE**

Kennis geskied hiermee ingevolge Regulasie 41 (2) van die Omgewings-impakbepaling- (OIB) Regulasies van Desember 2014, gepubliseer ingevolge Artikel 5 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No 107 van 1998) vir die doeleinde om aansoek te doen om Omgewingsmagtiging vir die bogenoemde aktiwiteit.

**AARD VAN AKTIWITEIT**
Die Departement van Omgewingsake het op 18 Junie 2013 'n Omgewingsmagtiging (OM), met verwysingsnommer 12/12/20/2411, aan Eskom Holdings SOC Beperk uitgereik vir die ontwikkeling van die ±130 km Foskor – Merensky 275 kV kraglyn en gepaardgaande substasiewerke. Daaropvolgend het Eskom die voorstel gedoen om die kraglynkapasiteit van 275 kV tot 400 kV te verhoog. Die voorgestelde kraglyn sal teen 400 kV-spesifikasie gebou word en teen 275 kV bedryf word. Die projek sal die proses volg wat ingevolge Hoofstuk 5, Deel 2, van die OIB-Regulasies van Desember 2014 gestipuleer word.

**LIGGING**
Die voorgestelde projek sal verskeie plase binne die Mopani- en Sekhukhune-distriksmunisipaliteite in die Limpopo Provinsie deurkruis.

**NAAM VAN AANSOEKER** Eskom Holdings SOC Beperk

**UITNODIGING OM AS 'N BELANGSTELLENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTY TE REGISTREER**
U word uitgenooi om binne 30 dae vanaf datum van hierdie advertensie as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party te registreer of om u kommentaar rakende hierdie projek voor te lê. U kan enige van die kontakbesonderhede hieronder gebruik.

NSOVO ENVIRONMENTAL CONSULTING
Mev. Rejoice Aphane
ppp@nsovo.co.za of rejoice@nsovo.co.za
Tel: 011 041 3689
Faks: 086 602 8821
Postnet Suite #697, Privaatsak X29, Gallo Manor, 2052
NSOVO ENVIRONMENTAL CONSULTING
"From the world we live to the world we seek"

95 Jaar van uitnemendheid...
...die beste begin vir jou kleinding!
Ons Bou
Gr. 1 Opedag
4 November 2016 om 08:00
by die Pieter Joubert Saal
*Onthou afskrif van geboortesertifikaat en Gr. R Rapport
Akademie Word deel van ons wenspan!
Sport Kultuur
Koshuis
...waar elke kind sy talente kan uitleef en ontwikkel!
Laerskool Tzaneen Primary Tel: 015 307 3602 www.laerskooltzaneen.com